**Die tabernakel: Volle vervulling in die hiernamaals**

**Op 21:1-22:5**

**25 Augustus 2024**

1. Vantevore: Tabernakel is OT tipe van verlossingsproses. Eden was eerste tempel. Tabernakel/tempel was God se woonplek onder volk. Salomo se tempel was vaste woning, maar volk het dit nie behoorlik verstaan nie – verwoes. OT profesieë oor komende tempel nie vervul in na-ballingskap tempel nie, wel vervul in Jesus as hoeksteen van ware tempel. Gelowiges is lewende klippe in die ware tempel.
2. Op 1: 4-6 Lofprysing
    a. Openbaring gerig aan 7 gemeentes / kandelare uit heidennasies
    b. Word gegroet in vrede (v4) – bewerk deur Jesus in ware tempel (vgl Hag 2:9, Joh 20:19)
    c. Gelowiges in die gemeentes is koninkryk van priesters (v5b-6; vgl Eks 19:6, 1 Pet 2:9)
3. Op 3:12 Die gelowiges sal pilaar in God se tempel wees, sal o.a. ook naam van nuwe Jerusalem ontvang
4. Op 21:1-4 Die nuwe Jerusalem daal van God af uit die hemel neer
    a. Die Here gaan die skepping herskep – nuwe hemel en aarde (vgl Rom 8:20-21)
    b. Nuwe Jerusalem = bruid van die Lam = gelowiges = tempel (v2b, 9, vgl Op 3:12)
    c. God se woonplek is nou by die mense – vgl met Eden, tabernakel, tempel, Jesus, die gelowiges
    d. "Hulle sal Sy volke wees, en God sal hulle God wees" – verbondsuitdrukking (vgl Gen 17:7, Lev 26:11-12, 2 Sam 7:14, Eseg 37:27-28, 2 Kor 6:16b)
5. Op 21:9-22:5 'n Beskrywing van die nuwe Jerusalem
    a. Stad gevul met die heerlikheid van God (v11)
        - Soos God se heerlikheid tempel gevul het (vgl Hag 2:9, Joh 1:14)
        - Gelowiges vertoon ook God se heerlikheid (vgl Ef 4:24, Eks 19:6, 1 Kor 3, 2 Pet 1, Rom 8:28-30, Ef 5:27, 2 Kor 3:18b, 1 Joh 3:2)
    b. Stad is kubus van 12 000 stadia – groot en volledig
        - Jongman in Sagaria se 3de visioen sou te klein gemeet het (Sag 2)
        - Stad is Allerheiligste van ware tempel (vgl 1 Kon 6:20)
    c. Muur is God self (vgl Sag 2) – goeie beskerming, in elk geval vyande is oorwin
    d. 12 poorte/12 fondamente – name van Israel se stamme en apostels (vgl Ef 2)
        - Noord/suid/oos/wes -vgl Eks 28:14, Sag 6 (agste visioen)
        - Jesus is die poorte (vgl Joh 10:9, Ef 2:18)
        - Heerlikheid van God en Lam is lig (Joh 1:4, 9)
        - Jesus is lewe: Rivier met water van lewe, boom van lewe (vgl Eseg 47)
    e. Op 21:22, Op 22:3 Nie 'n tempel nie, God en Lam is tempel, troon van God is daar
        - Eden: net Heilige en Allerheiligste, sonder voorhof
        - Tabernakel: Voorhof, Heilige en Allerheiligste – voetbank van God se troon
        - Tempel: Voorhof, Heilige en Allerheiligste – voetbank van God se troon
        - Jesus is tempel – Sy werk afgebeeld in 3 dele van tempel, skakel met God
        - Gelowiges is die tempel – vorder deur Voorhof tot in Heilige, deur werk van Jesus en Heilige Gees – Jesus en Heilige Gees is die skakel met God
        - Nuwe Jerusalem – Net Allerheiligste, gelowiges in heerlikheid, God se troon
6. Die lof, heerlikheid, wysheid, dank, eer, krag, sterkte kom God toe vir ewig! (Op 7:10, 12)